Negester
KLEIN-KARIBA

# *Toegang tot ATKV-Klein-Kariba Vakansieoord*

Die volgende reëls en riglyne vir toegang tot die **ATKV-Klein-Kariba** Vakansieoord (hierna genoem KKV) is van toepassing.

**<u>Toegang tot KKV gedurende die week (Maandag tot Donderdag)</u>**

Slegs **Negester Klein-Kariba-eienaars** kwalifiseer vir gratis toegang tot **KKV**.

**<u>Dit behels:</u>**

- Toegang vir eienaars en hul gaste vir die gebruik van die gratis fasiliteite en geriewe.

**<u>Toegang-ure via Kapelhek na KKV:</u>**

- 07h30 tot 17h00 (Maandag tot Donderdag – 1 September tot 31 Maart).
- 08h00 tot 18h00 (Vrydag – 1 September tot 31 Maart).
- 08h00 tot 17h00 (Maandag tot Donderdag – 1 April tot 31 Augustus).
- 08h00 tot 18h00 (Vrydag – April tot 31 Augustus).







## Toegang tot KKV gedurende naweke, skoolvakansies en openbare vakansiedae

- Daar is slegs beperkte toegang tot **KKV** vir die gebruik van gratis fasiliteite en geriewe gedurende naweke, skoolvakansies en openbare vakansiedae.
- Aangesien **KKV** gedurende hierdie dae ten volle beset is, kan daar slegs 'n beperkte aantal addisionele dagbesoekers toegelaat word.
- Indien u **KKV** wil besoek, is 'n voorafkennisgewing nodig. Skakel 014 736 9800 gedurende **KKV**-kantoorure om die nodige reëlings te tref.
- Die **ATKV** se dagbesoekersfooi is R150 per persoon (R90 vir **ATKV-lede**) en R55 per voertuig vir kinders onder 12 is die dagbesoekersfooi R60.
- Die **ATKV**-dagbesoekersfooi is deur alle partye betaalbaar.
- Vir die bywoning van aandvermaak/kunstenaars is 'n dagbesoekersfooi betaalbaar en voorafbespreking is noodsaaklik.
- Geen toegangsfooi is betaalbaar indien eienaars en hul gaste die winkel wil besoek nie. 'n Een uur permit sal hiervoor uitgereik word.
- Geen toegangsfooi is betaalbaar indien eienaars en hul gaste die Koswerf-restaurant wil besoek nie, maar voorafbespreking is noodsaaklik.
- Vir 'n Sondagoggend en middagbuffet moet eienaars eers by die **KKV**-ontvangs (hoofhek) vir hul etes betaal. Die drankies word by die restaurant betaal.
- Skakel die restaurant by 014 736 9859/54 om u bespreking te maak.
- Toegang tydens naweke, skoolvakansies en openbare vakansiedae is via die **KKV** se hoofhek.

## Algemeen

- **KKV** se intekenprotokol geld vir alle besoekers.
- Dagbesoeker-ure is vanaf 08:00 tot 18:00.
- Indien 'n eienaar sy/haar huis verhuur en die huurder is 'n lid van die **ATKV**, sal bogenoemde reëls en regulasie ook op die huurder van toepassing wees.
- Vir enige navrae rakende toegang tot **KKV**, kan die **HEV** gedurende kantoorure besoek of gekontak word by 014 736 2821, of stuur 'n epos na adminKK@negester.co.za



*Opgedateer: 10 Oktober 2019*